Suid-Afrika se

# Vlootmagte

1922-2012



André Wessels

Suid-Afrika se

# Vlootmagte

1922-2012

**André Wessels**

SUN PRESS

*Suid-Afrika se Vlootmagte 1922-2012*

Uitgegee deur SUN MeDIA Bloemfontein onder die SUN PReSS druknaam.

Kopiereg © 2017 SUN MeDIA Bloemfontein en prof. André Wessels, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

Alle regte voorbehou.

**Hierdie publikasie is aan ’n onafhanklike evalueringsproses van akademiese eweknieë onderwerp.**

Professionele en navorsingswerk word onder hierdie druknaam gepubliseer in
druk- en elektroniese formaat.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskryfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Die menings in hierdie publikasie is dié van die outeur en weerspieël nie noodwendig
die opinies van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe 2017
ISBN 978-1-928424-04-8 (gedrukte weergawe)
ISBN 978-1-928424-05-5 (elektroniese weergawe)
DOI https://doi.org/10.18820/9781928424055

Geset in 9.7/14 Warnock Pro

Foto’s gebruik op omslag: SA Vlootmuseum en *Navy News*, Simonstad

Omslagontwerp, bladuitleg en produksie deur SUN MeDIA Bloemfontein,
Bloemgate Sentrum, Nelson Mandela-Weg, Bloemfontein

www.africansunmedia.co.za
africansunmedia.snapplify.com (elektroniese boeke)
www.sun-e-shop.co.za

# ERKENNINGS

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie boek is moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L W Hiemstra Trust – opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra.

Hierdie publikasie is mede moontlik gemaak deur ’n ruim finansiële bydrae van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

# Inhoudsopgawe


Erkenning ........ 7

Voorwoord ........ 13

Hoofstuk 1 | **Die vormingsjare, 1922-1945** ........ **17**

Hoofstuk 2 | **Suid-Afrika se fregatte, 1944-1985 en 2006-2012** ........ **25**

2.1 Inleiding ........ 25
2.2 Die "Loch"-klas fregatte ........ 25
2.3 Die voorspoedige vyftigerjare ........ 32
2.4 Die aanskaf van nuwe fregatte beteken die einde van ouer fregatte ........ 38
2.5 Die "President"-klas fregatte in diens van die Vloot en Suid-Afrika ........ 42
2.6 Die "Valour"-klas Meko A-200 fregatte ........ 49
2.7 Slotperspektiewe ........ 56

Hoofstuk 3 | **Snelstomers: torpedojaers in Suid-Afrikaanse vlootdiens, 1950-1975** ........ **58**

3.1 Inleiding ........ 58
3.2 Historiese agtergrond en tegniese besonderhede ........ 60
3.3 Suid-Afrika se torpedojaers gee die pas aan, 1950-1957 ........ 63
3.4 Die torpedojaers word 'n tweede lewe gegun ........ 67
3.5 Die einde van 'n era ........ 70
3.6 Slotperspektiewe ........ 73

Hoofstuk 4 | **Mynteenmaatreëlswerk in Suid-Afrika se vlootmagte, 1947-2012** ........ **75**

4.1 Inleiding ........ 75
4.2 Die "Algerine"-klas diepsee-mynveërs, 1947-1955 ........ 78
4.3 Die aanskaf van "Ton"-klas kusmynveërs, 1955-1959 ........ 82
4.4 Die aanwending van die "Tons", 1959-1976 ........ 86
4.5 Modernisasie en transformasie ........ 92

4.6 Die "Rivier"-klas mynjagters word aangeskaf ........ 95
4.7 MTM-bedrywighede in die tagtigerjare ........ 98
4.8 MTM-vaartuie in 'n tydvak van transformasie, 1990-2000 ........ 104
4.9 Die Tipe 351-mynveërs word aangeskaf ........ 110
4.10 MTM-bedrywighede aan die begin van die nuwe millennium, 2001-2012 ........ 113
4.11 Slotperspektiewe ........ 119

**Hoofstuk 5 | Patrolliebote in die Suid-Afrikaanse Vloot, 1954-2012 ........ 123**

5.1 Inleiding ........ 123
5.2 Die "Ford"-klas bote ........ 123
5.3 Die aanskaf van "Minister"-klas aanvalsvaartuie ........ 125
5.4 Die operasionele aanwending van die aanvalsvaartuie, 1978-1988 ........ 129
5.4.1 Aanvalsvaartuie aan die kus van Mosambiek ........ 131
5.4.2 Aanvalsvaartuie aan die kus van Angola ........ 135
5.5 Die aanwending van die aanvalsvaartuie in Suid-Afrikaanse gebiedswaters, 1977-1989 ........ 141
5.6 Aanvalsvaartuie se rol in die nuwe Suid-Afrikaanse bedeling sedert 1990 ........ 144
5.7 Slotperspektiewe ........ 151

**Hoofstuk 6 | Hidrografiese opmetingskepe in Suid-Afrikaanse vlootdiens, 1922-2012 ........ 154**

6.1 Inleiding ........ 154
6.2 Die eerste *Protea*, 1922-1933 ........ 155
6.3 Die tweede opmetingskip *Protea*, 1950-1957 ........ 157
6.4 SAS *Natal*, 1957-1972 ........ 160
6.5 SAS *Haerlem*, 1963-1978 ........ 161
6.6 Die derde opmetingskip *Protea*, 1972-2012 ........ 162
6.6.1 Vrede (en oorlog), 1972-1989 ........ 164
6.6.2 Politieke oorgang en volwaardige demokrasie, 1990-2012 ........ 167
6.7 Slotperspektiewe ........ 169

**Hoofstuk 7 | Gevegsteunskepe in die Suid-Afrikaanse Vloot, 1967-2012 ........ 173**

7.1 Inleiding ........ 173

7.2 SAS *Tafelberg*: die eerste twintig jaar, 1967-1987 ........ 174
7.3 SAS *Tafelberg* en SAS *Drakensberg*, 1987-1993 ........ 182
7.4 SAS *Drakensberg* en SAS *Outeniqua*, 1993-2004 ........ 191
7.5 SAS *Drakensberg* bly alleen oor, 2004-2012 ........ 202
7.6 Slotperspektiewe ........ 206

**Hoofstuk 8 | Duikbote in die Suid-Afrikaanse Vloot, 1970-2012 ........ 210**

8.1 Inleiding ........ 210
8.2 Historiese agtergrond ........ 212
8.3 Suid-Afrika skaf duikbote aan: aanloop tot 1970 ........ 216
8.4 Huiswaarts ........ 221
8.5 Die jare van toenemende isolasie, 1972-1977 ........ 223
8.6 Feitlik algehele isolasie, 1978-1993 ........ 227
8.7 Die "Daphné"-klas duikbote in diens van die nuwe Suid-Afrika, 1994-2003 ........ 232
8.8 Die Tipe 209/1400 MOD(SA) duikbote, 2005-2012 ........ 236
8.9 Slotperspektiewe ........ 240

**Hoofstuk 9 | Ander vaartuie in diens van die Suid-Afrikaanse vlootmagte ........ 244**

9.1 Inleiding ........ 244
9.2 Sperboomvaartuie ........ 245
9.3 Die duikerondersteunings- en torpedoherwinningskip SAS *Fleur* ........ 247
9.4 Die voormalige Antarktiese voorradeskip *RSA* ........ 249
9.5 Lug-see-reddingsbarkasse, haweverdedigingsbote en ander klein vaartuie ........ 249
9.6 Sleepbote en skeepswerfbarkasse ........ 254

**Hoofstuk 10 | Enkele slotperspektiewe ........ 257**

**Bylae 1 | Suid-Afrikaanse Vloothoofde ........ 266**

**Bylae 2 | Ou en nuwe skeepsname ........ 268**

Bronnelys ........ 269

Skeepsregister ........ 282

Outeur ........ 290

# VOORWOORD

Suid-Afrika word aan drie van sy grense deur die see omsoom en is dus, geografies gesproke, ’n groot skiereiland. Die land het ’n kuslyn van ongeveer 2 800 km en ’n eksklusiewe ekonomiese sone wat vir 200 seemyl vanaf die kus die diepsee instrek (waar 1 seemyl = 1 852 km). Hierdie sone omgord ook Suid-Afrika se eiendom in die suidelike Indiese Oseaan, naamlik Marion- en Prins Edward-eiland, sowat 1 750 km suidoos vanaf Port Elizabeth. Die implikasie is dat Suid-Afrika se eksklusiewe ekonomiese sone (wat meer as 1,5 miljoen vierkante km omsluit) inderdaad groter is as die land se grondoppervlakte (van net meer as 1,2 miljoen vierkante km). Indien verder in gedagte gehou word dat ten minste 90% van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) se in- en uitvoere deur die land se hawens gaan, behoort dit duidelik te wees dat die RSA ’n maritieme moondheid is. Hoeveel Suid-Afrikaners besef of waardeer egter dié feit? Vir die meeste mense is die see bloot ’n plek waar daar vakansie gehou word, en baie (die meeste?) Suid-Afrikaners ly inderdaad aan ’n landrot-mentaliteit.[1] Daar sou ook na “see-blindheid” verwys kon word.[2] Gevolglik is dit nie verbasend nie, dat wanneer ’n mens die wel en wee van die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) en sy voorgangers in die loop van die afgelope 90 jaar in oënskou neem, ’n mens tot die gevolgtrekking kan kom dat die land se vlootmagte in sekere opsigte as die stiefkind van die land se gewapende magte beskou kan word.

Tot dusver is baie min oor die geskiedenis van Suid-Afrika se vlootmagte gepubliseer. In boekformaat het nog net die volgende algemene oorsigswerke verskyn: JC Goosen (samesteller), *Ons vloot: die eerste vyftig jaar* (1973; om die SAV se vyftigste bestaansjaar in 1972 te herdenk; ook in Engels gepubliseer as *South Africa’s navy: the first fifty years*) en CH Bennett en AG Söderlund, *South Africa’s navy: a navy of the people and for the people* (2008). Wat die vlootmagte se rol tydens die Tweede Wêreldoorlog betref, is die belangrikste boeke dié van LCF Turner *et al.*, *War in the southern oceans 1939-1945* (1961), CJ Harris, *War at sea: South African maritime operations during World War II* (1991) en HR Gordon-Cumming, *Official history of South African naval forces during*

1 Kyk bv. die insiggewende artikels van Leopold Scholtz in *Die Volksblad*, 27 Desember 1994, p. 3 en 19 Junie 1995, p. 8, en in *Salut* 3(5), Mei 1996, pp. 24-25. Kyk in die algemeen ook GD Scholtz, *Die Afrikaner en die see*, *passim*.

2 Die idee van “see-blindheid” is ontleen aan D. Redford, “The Royal Navy, sea blindness and British national identity” in D. Redford (red.), *Maritime history and identity: the sea and culture in the modern world*, pp. 61-78.

*the Second World War (1939-1945)* (2008). Die Suid-Afrikaanse vlootmagte se skepe wat een of ander tyd in die jare 1922 tot 1991 in diens was, word volledig bespreek in Allan du Toit se uitstekende naslaanwerk *South Africa's fighting ships past and present* (1992). Dan is daar die Naval Heritage Society se reeks klein publikasies, naamlik die *Naval Digest*, waarvan tot Augustus 2016 reeds twintig verskyn het. In 1997, toe die SAV sy 75ste bestaansjaar herdenk het, het die Vloot 'n ryklik geïllustreerde herdenkingsboek uitgegee, naamlik *A navy for three oceans: celebrating 75 years of the South African Navy*. Wat individuele skeepsklasse betref, is daar Chris Bennett se *Three frigates* (2006) wat oor die Tipe 12/"President"-klas fregatte handel. Kyk verder ook C Bennett, *South African naval events: day-by-day, 1488 to 2009* (2011) en, wat die Simonstadse Skeepswerf betref, die omvangryke publikasie *Simon's Town Dockyard: the first 100 years* (2010).

Streng gesproke het Suid-Afrika eers vanaf 1 September 1939 'n eie onafhanklike vloot gehad, maar vir die doeleindes van hierdie publikasie word 1 April 1922, toe die land se eerste vlootvaartuie in ontvangs geneem is, as die *de facto*-begin van die land se vloot geag. Hierdie publikasie handel dus oor die eerste 90 jaar van Suid-Afrika se vlootmagte; met ander woorde vanaf 1922 tot en met 2012. Sedert 2012 het die SAV uiteraard voortgegaan met 'n verskeidenheid aktiwiteite, maar hierdie sake, soos ook nuwe uitdagings, val buite die bestek van hierdie studie. Die oorspronklike manuskrip is voltooi kort na afloop van die SAV se 90ste verjaardag, maar dit was geen geringe taak om 'n uitgewer te vind vir 'n vlootmanuskrip nie; soveel te meer vir 'n sodanige teks in Afrikaans nie. Groot dank en waardering dus aan SUN MeDIA in Bloemfontein, en in besonder Liezel Meintjes, wat bereid was om die manuskrip te publiseer. Die drie anonieme keurders van die manuskrip word van harte bedank vir hul waardevolle kommentaar en aanbevelings. Verder is 'n besondere woord van dank ook verskuldig aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns asook Hiemstra Trust vir die finansiële ondersteuning wat hierdie publikasie in Afrikaans moontlik gemaak het.

Uitgaande van die standpunt dat die RSA 'n maritieme land is wat 'n klein goed toegeruste, goed opgeleide en gedissiplineerde vloot benodig, is dit die doel van hierdie publikasie om die geskiedenis van die SAV en sy voorgangers in die jare 1922 tot 2012 te boekstaaf ten einde die vlootmagte se ontstaan en ontwikkelinge in die loop van 90 jaar, te beskryf en te analiseer. Vlootgebeure sal deurgaans geëvalueer word teen die agtergrond van die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika, terwyl gebeure in die internasionale arena ook verdiskonteer sal word, met besondere verwysing na die Tweede Wêreldoorlog, die daaropvolgende Koue Oorlog, sowel as die na-Koue Oorlog-era. Afgesien van operasionele ontplooiings, waarna verwys sal word, sal ook aangedui word in welke mate Suid-Afrika se vlootmagte 'n belangrike rol gespeel het ten opsigte van humanitêre en ander vorme van hulpverlening; as sogenoemde "grys diplomate" (met ander woorde die vloot se diplomatieke rol), asook ander take wat die vlootmagte van tyd tot tyd opgelê is. Die hoop word uitgespreek dat, deur inligting in verband met die SAV se geskiedenis op die tafel te plaas, dit meer mense sal aanmoedig om oor die geskiedenis en aktiwiteite van

Suid-Afrika se gewapende magte te lees, in besonder die land se vlootmagte, en dat dit debat sal stimuleer en ook ’n maritieme kultuur in die RSA sal bevorder.

In Hoofstuk 1 van hierdie studie word ’n kort oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van die land se vlootmagte vanaf 1922, en vervolgens ook van hul rol tydens die Tweede Wêreldoorlog verskaf. Voorts word ook die na-oorlogse geskiedenis van Suid-Afrika se vlootmagte bespreek aan die hand van die rol wat fregatte (Hoofstuk 2), torpedojaers (Hoofstuk 3), mynveërs en mynjagters (Hoofstuk 4), die “Ford”-klas patrolliebote en “Minister”/“Warrior”-klas aanvalsvaartuie (Hoofstuk 5), hidrografiese opmetingskepe (Hoofstuk 6), gevegsteunskepe (Hoofstuk 7) en duikbote (Hoofstuk 8) deur die jare heen in die Suid-Afrikaanse vlootdiens gespeel het. In Hoofstuk 9 word ander vaartuie van die SAV kortliks bespreek. In die slothoofstuk, Hoofstuk 10, word enkele slotperspektiewe verskaf. Daar word dus tematies-chronologies te werk gegaan. Die oorlogskepe en ander vaartuie van Suid-Afrika se vlootmagte is deurgaans die hoofrolspelers. Gevolglik word die skeepsbevelvoerders ook nie altyd vermeld nie, en ook nie voortdurend aangedui wie in ’n bepaalde periode die hoof van die Vloot was nie. (Sien wel Bylae 1 vir ’n volledige lys van die Vloothoofde.) Soms sal ’n mate van oorvleueling tussen sommige van die hoofstukke, en die herhaling van sekere gegewens, noodsaaklikerwys plaasvind, maar daar is gepoog om dit tot die minimum te beperk. Waar nodig word kruisverwysings verskaf.

Die teks van Hoofstukke 2 tot 4 en van Hoofstukke 6 tot 8 is op artikels gegrond wat die outeur in die jare 2003 tot 2012 in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* gepubliseer het. Dele van Hoofstuk 2 en feitlik die hele Hoofstuk 3 het ook reeds in vertaalde formaat as “South Africa’s frigates and destroyers 1944-1985” in die *Naval Digest: Journal of the Naval Heritage Society of South Africa*, no. 11 (2005) verskyn. Vir die doeleindes van hierdie nuwe Afrikaanse publikasie, is die reeds gepubliseerde manuskripte egter indringend geredigeer, waar nodig verwerk en aangepas op grond van addisionele navorsing wat gedoen is, en ook heelwat uitgebrei ten einde die geskiedenis van die SAV tot 2012 by te werk. Hoofstukke 1, 5, 9 en 10 is in geheel nuwe hoofstukke. Alles in ag genome, is meer as die helfte van die publikasie dus nog nie tevore in die huidige formaat gepubliseer nie en word die eerste 90 jaar van die Suid-Afrikaanse Vlootgeskiedenis nou vir die heel eerste keer in wetenskaplik nagevorsde formaat te boek gestel.

Soos in bogenoemde publikasies, is die inligting wat in hierdie boek vervat word, uit bronne bekom wat vryelik beskikbaar is, insluitende verskeie uitgawes van *Jane’s fighting ships*, *The military balance*, webwerwe soos die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging se amptelike webwerf (www.dod.mil.za), die SAV se amptelike webwerf (www.navy.mil.za), asook die SAV se eie nuustydskrif, naamlik *Vlootnuus/Navy News*. Kyk verder ook die bronnelys – wat bronne bevat wat met groot vrug deur die belangstellende leser geraadpleeg kan word.

Hierdie studie is gebaseer op werk wat gedeeltelik deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika befonds is. Dank word uitgespreek teenoor mee. Ansie Olivier, Francia

Neuhoff, Marie Engelbrecht en Ina Malan wat die tikwerk van hierdie manuskrip behartig het; mee. Izette Bredenkamp, Annél Oosthuysen, Marilie Brink en Gerda Bester vir algemene vakkundige hulp; die personeel van die Suid-Afrikaanse Vlootmuseum in Simonstad, en die groot aantal huidige en afgetrede lede van die SAV wat hul herinneringe met my gedeel het, of my van advies bedien het, in besonder skout-adm. Chris Bennett, skout-adm. (JG) Arné Söderlund, kdr. Leon Steyn en kdr. Mac Bisset. Baie dankie ook aan Izak Janse van Rensburg van SUN MeDIA wat die omslag ontwerp het en ook andersins met die afronding van die publikasie gemoeid was. Die foto's wat gebruik is – afgesien van dié uit my eie fotoversameling – is goedgunstiglik deur die Suid-Afrikaanse Vlootmuseum en die redaksie van *Navy News* verskaf.

Hierdie publikasie word ten eerste opgedra aan Ansie Olivier (1949-2012), wat in die loop van ongeveer twintig jaar derduisende woorde wat ek geskryf het, met netjiese presiesheid getik het – insluitende die grootste gedeelte van die manuskrip van hierdie boek. Ten tweede word die publikasie opgedra aan al die lede van Suid-Afrika se vlootmagte vanaf 1922 tot vandag. In besonder word gedink aan adm. Hugo Biermann (1916-2012), Hoof van Suid-Afrika se vlootmagte (1952-1972) en Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (1972-1976), wat op 27 Maart 2012 op 95-jarige ouderdom oorlede is – met ander woorde, kort voordat die SAV 90 jaar oud geword het – en wie se lewe vir alle praktiese doeleindes dié van Suid-Afrika se vlootmagte omspan. Hy kan dan ook tereg as die vader van die moderne SAV beskou word.

**André Wessels**

*Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein; en*
*Besoekende Professor, Australian Defence Force Academy, Canberra*

1 April 2012
(oorspronklike manuskrip)

5 November 2017
(finale manuskrip)


# HOOFSTUK 1
# Die vormingsjare, 1922-1945

Die Unie-Verdedigingsmagte (UVM) het op 1 Julie 1912, net meer as twee jaar nadat Suid-Afrika as 'n unitêre staat gevorm is, tot stand gekom, maar vir tien jaar lank sou die land se seewaartse verdediging nog vir alle praktiese doeleindes deur die Royal Navy (RN) behartig word. Die jong Unie van Suid-Afrika kon dit nie bekostig om van meet af 'n vloot tot stand te bring nie, en die RN het verkies om in beheer van die Simonstadse Vlootbasis te bly. Na aanleiding van die UVM se rol tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918), het genl. JC Smuts 'n leidende rol gespeel om 'n eie vloot vir Suid-Afrika tot stand te bring, al sou dit nog tot 1939 streng gesproke onder die breë vaandel van die RN bly; soos wat die Simonstad-basis ook steeds 'n RN-basis sou bly. Op 1 April 1922 het die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Seediens (SASD) die RN se hidrografiese opmetingskip HMS *Crozier* en mynveër-treilers HMS *Foyle* en HMS *Eden* in ontvangs geneem. Voorlopig is die Britse name behou, maar die voorvoegsel His Majesty's Ship (HMS) is met His Majesty's South African Ship (HMSAS) vervang. Hierdie was die eerste skepe van die Unie van Suid-Afrika se eerste vlootmag, die SASD, wat *de facto* op 1 April 1922 tot stand gekom het, al het die proklamasie waarvolgens die SASD ingestel is, eers amptelik op 26 Januarie 1923 in werking getree; en vanaf 1 Februarie 1923 was die SASD amptelik 'n onderdeel van die Suid-Afrikaanse Staandemag. Op 11 Oktober 1922 is die *Crozier* herdoop tot HMSAS *Protea*, en die *Eden* en *Foyle* onderskeidelik tot HMSAS *Immortelle* en HMSAS *Sonneblom*.[1] (Vir meer besonderhede in verband met die rol wat die *Protea* as hidrografiese opmetingskip gespeel het, kyk Hoofstuk 6 se Onderafdeling 6.2, *infra*.)

Die *Eden*/*Immortelle* en *Foyle*/*Sonneblom* was "Mersey"-klas mynveër-treilers. Hulle was 42,16 m lank, 8,24 m breed en het 'n diepgang van 4,12 m gehad; snelheid 11 knope; aangedryf deur een enjin; bewapen met een 12-ponderkanon; bemanning twee offisiere en ongeveer twintig ander matrose. Die *Eden*, wat oorspronklike die *Thomas Johns* geheet het, is deur die skeepswerf Cochrane & Sons te Selby in Yorkshire gebou en op

1 Kyk bv. A du Toit, *South Africa's fighting ships past and present*, pp. 5-6, 10-11, 16; CH Bennett en AG Söderlund, *South Africa's navy: a navy of the people and for the people*, p. 17; O Parkes en FE McMurtrie (reds.), *Jane's fighting ships 1923*, p. 91.

3 September 1920 voltooi. Vanaf 1920 het die skip as die *Eden* bekend gestaan. Die *Foyle*, wat tot 1920 as die *John Edmund* bekend gestaan het, is deur die Goole Shipbuilding & Repairing Company te Goole in Hampshire gebou en op 22 Oktober 1918 voltooi. In Britse diens is beide die skepe in Ierse waters ontplooi.[2]



HMSAS *Sonneblom* [SA Vlootmuseum, Simonstad]

Die *Protea* is deur die SASD ingespan om die vlootbasiskom in Simonstad op te meet en vervolgens opmetingswerk langs talle plekke aan die Suid-Afrikaanse kus te doen. In Julie 1929 het die *Immortelle* en *Sonneblom* Suid-Afrika se eerste grys diplomate ooit geword (dus oorlogskepe, gewoonlik grys geverf, wat op diplomatieke vlagvertoonvaarte gestuur word) toe hulle Lourenço Marques (vandag Maputo) in die destydse Portugees Oos-Afrika (vandag Mosambiek) besoek het. Die groot depressie van 1929 tot 1935 het egter ook implikasies vir die SASD ingehou, want ten einde koste te bespaar, is die *Protea* in Februarie 1933 aan diens onttrek en die twee mynveërs die volgende jaar. Die *Protea* is aan 'n privaat maatskappy verkoop, het later weer van eienaar verwissel, is as *Queen of the Bay* gebruik om voorrade tydens die Spaanse Burgeroorlog (1936-1939) na die antifascistiese magte te smokkel, en het in 1939 in die Baai van Gibraltar gestrand. Die twee mynveërs is terug na die RN en het hul oorspronklike name (*Eden* en *Foyle*) teruggekry. Die *Eden* is in reserwe geplaas, nooit weer in diens gestel nie en in 1947 as skrootmetaal opgebreek. Die *Foyle* het tot in 1946 in die RN se diens gebly en later onder verskeie name as kommersiële vistreiler gewerk. Sy is in 1954 afgetakel.[3]

2 Du Toit, pp. 5-6, 9; Parkes en McMurtrie, p. 91. Let daarop dat die benaming, spelling en punktuasie van die skeepsbouers deurgaans in hierdie studie (sover moontlik) weergegee word soos wat dit in die amptelike dokumentasie aangedui word.

3 Du Toit, pp. 7, 9, 11-15.


# Suid-Afrika se **Vlootmagte** 1922-2012

Suid-Afrika, met drie landsgrense deur see omsoom en 'n kuslyn van ongeveer 2 800 km, is 'n maritieme moondheid. Die Suid-Afrikaanse vlootmagte vorm uiteraard 'n belangrike deel van dié land se gewapende magte en verdedigingstelsels. Alhoewel die benaming, Suid-Afrikaanse Vloot (SAV), eers sedert 1 Januarie 1951 gebruik word, dateer die geskiedenis van Suid-Afrika se vlootmagte terug tot ten minste 1922. In hierdie publikasie word die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse vlootmagte vanaf 1922 tot 2012 op akademiese wyse geboekstaaf deurdat die ontstaan en ontwikkeling van die vlootmagte op verantwoordbare wyse beskryf en geanaliseer word. Nadat die vlootgeskiedenis vanaf 1922 tot 1945 bespreek is, word die daaropvolgende hoofstukke aan elk van die volgende tipes vaartuie, asook die rolle wat hierdie vaartuie in die SAV gespeel het, gewy: fregatte, torpedojaers, mynveërs en mynjagters, patrolliebote, hidrografiese opmetingskepe, gevegsteunskepe, duikbote en laastens ander vaartuie, soos byvoorbeeld, sperboomvaartuie. Vlootgebeure word deurgaans geëvalueer teen die agtergrond van die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika, terwyl gebeure in die internasionale arena ook toegelig word.








SUN PRESS

9 781928 424048